RELIGIESTUDIES

*Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV)*

# *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring*

CAPS
STRUCTURED. CLEAR. PRACTICAL
HELPING TEACHERS UNLOCK THE POWER OF NCS

## *Verdere Onderwys- en Opleidingsfase*
## *Graad 10-12*

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING

# GRAAD 10-12

# RELIGIESTUDIES

**Departement van Basiese Onderwys**
Strubenstraat 222
Privaatsak X895
Pretoria 0001
Suid-Afrika
Tel: +27 12 357 3000
Faks: +27 12 323 0601

Pleinstraat 120 Privaatsak X9023
Kaapstad 8000
Suid-Afrika
Tel: +27 21 465 1701
Faks: +27 21 461 8110
Webtuiste: http://www.education.gov.za

**© 2011 Departement van Basiese Onderwys**

**ISBN: 978-1-4315-0622-4**

Ontwerp en uitleg deur: Ndabase Printing Solution

Gedruk deur: Staatsdrukkery

# VOORWOORD VAN DIE MINISTER



Die nasionale kurrikulum is die hoogtepunt van ons poging oor ’n tydperk van 17 jaar om die apartheidskurrikulum wat ons geërf het, te hervorm. Sedert die aanvang van demokrasie het ons gepoog om die kurrikum op die waardes deur die Grondwet (Wet No. 108 van 1998) geÏnspireer, te skoei. Die Aanhef van die Grondwet verklaar die doelstellings van die Grondwet soos volg:

- Die verdeeldheid van die verlede te heel en ’n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;
- Die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te onsluit;
- Die grondslag te lê vir ’n demokratiese en oop samelewing waarin regering gebaseer is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word; en
- ’n Verenigde demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as soewereine staat in die gemeenskap van nasies inneem.

Onderwys en die kurrikulum het ’n belangrike rol om in die verwesenliking van hierdie doelstellings te vervul.

Uitkomsgebaseerde onderwys, wat in 1997 ingestel is, was ’n poging om die verdeeldheid van die verlede te heel, maar die ondervinding van implementering het as aansporing vir ’n kurrikulumvernuwing in 2000 gedien. Dit het tot die eerste kurrikulumvernuwing, naamlik die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002)*, gelei.

Deurlopende implementeringsuitdagings het tot 'n volgende kurrikulumvernuwing in 2009 gelei, naamlik die hersiening van die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002*) wat tot die ontwikkeling van hierdie dokument gelei het.

Sedert 2012 is die twee onderskeie nasionale kurrikulumverklarings, naamlik diè vir Graad R-9 en Graad 10-12 in ’n enkele dokument, wat voortaan slegs as die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*, bekend sal staan, gealmalgameer. Hoewel die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* sy vertrekpunt in die vorige kurrikulum vind, het daar wel vernuwing ingetree wat ten doel het om groter duidelikheid oor dit wat op ’n kwartaal-tot-kwartaal-grondslag onderrig en geleer moet word, te verskaf.

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is ’n beleidsverklaring met betrekking tot onderrig en leer in Suid-Afrikaanse skole en is in die volgende dokumente vervat:

(a) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir alle vakke in hierdie dokument opgeneem;

(b) *Nasionale beleid met betrekking tot die program-en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en

(c) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*.



**MEV ANGIE MOTSHEKGA, LP**
**MINISTER VAN BASIESE ONDERWYS**

# INHOUDSOPGAWE

**AFDELING 1: INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING ..... 3**

**1.1 Agtergrond ..... 3**

**1.2 Oorsig ..... 3**

**1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum ..... 4**

**1.4 Tydstoekenning ..... 6**

1.4.1 Grondslagfase ..... 6

1.4.2 Intermediêre Fase ..... 6

1.4.3 Senior Fase ..... 7

1.4.4 Graad 10-12 ..... 7

**AFDELING 2: INLEIDING TOT RELIGIESTUDIES ..... 8**

**2.1 Wat is Religiestudies? ..... 8**

**2.2 Spesifieke doelstellings ..... 8**

**2.3 Tydstoekenning vir Religiestudies in die kurrikulum ..... 9**

**2.4 Gewigswaarde van onderwerpe ..... 9**

**AFDELING 3: OORSIG VAN ONDERWERPE PER KWARTAAL EN JAARLIKSE ONDERRIGPLANNE ..... 10**

**3.1 Oorsig van onderwerpe ..... 10**

**3.2 Raamwerk van wat onderrig moet word ..... 11**

**AFDELING 4: ASSESSERING IN RELIGIESTUDIES ..... 23**

**4.1 Inleiding ..... 23**

**4.2 Informele of daaglikse assessering ..... 23**

**4.3 Formele assessering ..... 24**

**4.4 Assesseringsprogram ..... 25**

4.4.1 Eksamens ..... 26

4.4.2 Toetse ..... 26

4.4.3 Projek ..... 27

4.4.4 Uitgebreide skryf- en brongebaseerde take ..... 28

**4.5 Rekordhouding en rapportering ..... 28**

**4.6 Moderering en assessering ..... 30**

**4.7 Algemeen ..... 30**

# AFDELING 1

## INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING

### 1.1 Agtergrond

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* bepaal beleid ten opsigte van kurrikulum en assesseringsaangeleenthede in die skoolsektor.

Ten einde die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring te verbeter, is dit aangepas en die aanpassings tree in Januarie 2012 in werking. 'n Enkele samevattende Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring is vir elke vak ontwikkel om die ou Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne in Graad *R-12* te vervang.

### 1.2 Oorsig

(a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* is 'n beleidsverklaring vir leer en onderrig in Suid-Afrikaanse skole en bestaan uit die volgende dokumente:

- (i) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir al die goedgekeurde vakke in hierdie dokument opgeneem;
- (ii) *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en
- (iii) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12 (Januarie 2012).*

(b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* vervang die huidige twee Nasionale Kurrikulumverklarings, naamlik:

- (i) *Nasionale beleid met betrekking tot Algemene Onderwysprogramme: Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole),* gepromulgeer in *Staatskoerant No. 23406* van 31 Mei 2002; en
- (ii) *Nasionale kurrikulumverklaring Graad 10-12 Staatskoerante, No. 25545* van 6 Oktober 2003 en *No. 27594* van 7 Mei 2005.

(c) Die Nasionale Kurrikulumverklarings, soos vervat in *subparagrawe b(i)* en *(ii)*, wat uit die volgende beleidsdokumente bestaan, word jaarliks toenemend deur die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012),* gedurende die periode 2012 - 2014, herroep en vervang:

- (i) die Leerarea-/Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne vir Graad R-9 en Graad 10-12;
- (ii) die beleidsdokument, *Nasionale beleid ten opsigte van assessering en kwalifikasies vir skole in die Algemene Onderwys- en Opleidingsfase*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing No. 124,* in *Staatskoerant No. 29626* van 12 Februarie 2007;
- (iii) die beleidsdokument, die *Nasionale Senior Sertifikaat: ‘n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR)*, gepromulgeer in *Staatskoerant No.27819* van 20 Julie 2005;

(iv) die beleidsdokument, *‘n Addendum tot die beleidsdokument,* die *Nasionale Senior Sertifikaat: ‘n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot leerders met spesiale leerbehoeftes*, gepromulgeer in *Staatskoerant, No. 29466* van 11 Desember 2006, word geïnkorporeer in die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12;* en

(v) die beleidsdokument, *‘n Addendum tot die beleidsdokument,* die *Nasionale Senior Sertifikaat: ‘n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot* die *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing, No. 1267*, in *Staatskoerant No. 29467* van 11 Desember 2006.

(d) Die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* en die afdelings oor die *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring* soos in Afdeling 2, 3 en 4 van hierdie dokument vervat, beslaan die norme en standaarde van die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12.* Die uitkomste en standaarde wat behoudens *artikel 6(A)* van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996)* bepaal is, sal die grondslag vorm vir die Minister van Basiese Onderwys om die minimum uitkomste en standaarde, sowel as die prosesse en prosedures vir die assessering van leerderprestasie wat van toepassing sal wees op openbare en onafhanklike skole, te bepaal.

### 1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum

(a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* vorm die grondslag van wat beskou kan word as die kennis, vaardighede en waardes wat noodsaaklik is om te leer. Dit sal verseker dat leerders kennis en vaardighede verwerf en toepas op maniere wat betekenisvol is vir hulle lewens. Hiervolgens bevorder die kurrikulum die idee van begronde kennis binne plaaslike, bekende kontekste en terselfdertyd toon dit sensitiwiteit ten opsigte van globale vereistes.

(b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* het die volgende doelwitte:

- om leerders, ongeag hul sosio-ekonomiese agtergrond, ras, geslag, fisiese of intellektuele vermoë, toe te rus met die kennis, vaardighede en waardes wat nodig is vir selfvervulling en betekenisvolle deelname in die samelewing as burgers van 'n vrye land;
- om toegang tot hoër onderwys te verskaf;
- om die oorgang van leerders vanaf onderwysinstellings na die werkplek te fasiliteer; en
- om aan werkgewers 'n voldoende profiel van 'n leerder se vermoëns te verskaf.

(c) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is op die volgende beginsels gebaseer:

- *Sosiale transformasie*: Dit verseker dat onderwysongelykhede van die verlede aangepak word en dat gelyke onderwysgeleenthede aan alle sektore van die bevolking voorsien word;
- *Aktiewe en kritiese leer*: Dit moedig 'n aktiewe en kritiese benadering tot leer aan eerder as om te leer sonder om te begryp, en niekritiese leer van gegewe waarhede;
- *Hoë kennis en hoë vaardighede*: Dit is die minimum standaarde vir die kennis en vaardighede wat in elke graad verwerf moet word, word gespesifiseer en stel hoë, bereikbare standaarde in alle vakke;

*Progressie*: Die inhoud en konteks van elke graad toon progressie van die eenvoudige tot die komplekse

- *Menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid*: Die infasering van die beginsels en praktyke van sosiale en omgewingsgeregtigheid en menseregte soos dit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika omskryf word. Die *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12* is veral sensitief vir kwessies wat diversiteit weerspieël soos armoede, ongelykheid, ras, geslag, taal, ouderdom, gestremdhede en ander faktore;

- *Waardering vir inheemse kennissisteme*: Om erkenning te gee aan die ryke geskiedenis en erfenisse van hierdie land as bydraende faktore om die waardes in die Grondwet te laat gedy; en

- *Geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid*: Dit voorsien onderwys wat vergelykbaar is met internasionale standaarde in terme van kwaliteit, omvang en diepte.

(d) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring* Graad R-12 stel in die vooruitsig dat leerders die volgende kan doen:

- identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke;

- werk doeltreffend saam met ander as lede van 'n span, groep, organisasie en gemeenskap;

- organiseer en bestuur hulself en hulle aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend;

- versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities;

- kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en / of taalvaardighede in verskillende vorme;

- gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon; en

- begryp die wêreld is 'n stel verwante stelsels waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.

(e) Inklusiwiteit behoort 'n belangrike deel van organisering, beplanning en onderrig by elke skool te vorm. Dit kan alleenlik gebeur indien alle onderwysers deeglik begryp hoe om leerstruikelblokke te herken en aan te pak, asook hoe om vir diversiteit te beplan.

Die sleutel tot die goeie bestuur van inklusiwiteit is die versekering dat struikelblokke geïdentifiseer en aangespreek word deur al die ondersteuningsisteme binne die skoolgemeenskap, insluitend onderwysers, distriksondersteuningspanne, institusionele ondersteuningspanne, ouers en spesiale skole wat kan dien as hulpbronsentrums. Om die leerhindernisse in die klaskamer aan te spreek, behoort onderwysers verskeie kurrikulêre strategieë vir differensiëring te gebruik soos uiteengesit in die Departement van Basiese Onderwys se *Riglyne vir Inklusiewe Onderrig en Leer (2010).*

## 1.4 Tydstoekenning

### 1.4.1 Grondslagfase

(a) Die onderrigtyd vir vakke in die Grondslagfase is soos in onderstaande tabel aangedui:

| VAK | GRAAD (UUR) | GRAAD 1-2 (UUR) | GRAAD 3 (UUR) |
|---|---|---|---|
| Huistaal | 10 | 8/7 | 8/7 |
| Eerste Addisionele Taal | | 2/3 | 3/4 |
| Wiskunde | 7 | 7 | 7 |
| Lewensvaardighede<br>• Aanvangskennis<br>• Skeppende Kunste<br>• Liggaamlike Opvoeding<br>• Persoonlike en Sosiale Welsyn | 6<br>(1)<br>(2)<br>(2)<br>(1) | 6<br>(1)<br>(2)<br>(2)<br>(1) | 7<br>(2)<br>(2)<br>(2)<br>(1) |
| **TOTAAL** | **23** | **23** | **25** |

(b) Onderrigtyd vir Graad R, 1 en 2 is 23 uur en Graad 3 is 25 uur.

(c) Onderrigtyd vir Tale in Graad R-2 is 10 uur en vir Graad 3 is 11 uur. 'n Maksimum tyd van 8 uur en 'n minimum tyd van 7 uur word aan Huistaal toegeken. Vir Addisionele Taal word 'n minimum tyd van 2 uur en 'n maksimum tyd van 3 uur vir Graad 1-2 toegeken. In Graad 3 word 'n maksimum van 8 uur en 'n minimum van 7 uur vir Huistaal toegeken. 'n Minimum van 3 uur en 'n maksimum van 4 uur word in Graad 3 vir Addisionele Taal toegelaat.

(d) In Lewensvaardighede is die onderrigtyd vir Aanvangskennis in Graad R-2 net 1 uur en in Graad 3 is dit 2 uur. (Die aantal ure word in die tabel tussen hakies aangetoon.)

### 1.4.2 Intermediêre Fase

(a) Die onderstaande tabel dui die vakke en onderrigtyd in die Intermediêre Fase aan:

| VAK | UUR |
|---|---|
| Huistaal | 6 |
| Eerste Addisionele Taal | 5 |
| Wiskunde | 6 |
| Natuurwetenskappe en Tegnologie | 3,5 |
| Sosiale Wetenskappe | 3 |
| Lewensvaardighede<br>• Skeppende Kunste<br>• Liggaamlike Opvoeding<br>• Persoonlike en Sosiale Welsyn | 4<br>(1,5)<br>(1)<br>(1,5) |
| **TOTAAL** | **27,5** |

### 1.4.3 Senior Fase

(a) Die onderrigtyd in die Senior Fase is soos volg:

| VAK | UUR |
|---|---|
| Huistaal | 5 |
| Eerste Addisionele Taal | 4 |
| Wiskunde | 4,5 |
| Natuurwetenskappe | 3 |
| Sosiale Wetenskappe | 3 |
| Tegnologie | 2 |
| Ekonomiese Bestuurswetenskappe | 2 |
| Lewensoriëntering | 2 |
| Skeppende Kunste | 2 |
| **TOTAAL** | **27,5** |

### 1.4.4 Graad 10-12

(a) Die onderrigtyd in Graad 10-12 is soos volg:

| VAK | TYDSTOEKENNING PER WEEK (UUR) |
|---|---|
| Huistaal | 4,5 |
| Eerste Addisionele Taal | 4,5 |
| Wiskunde | 4,5 |
| Lewensoriëntering | 2 |
| Enige drie keusevakke uit **Groep B (Bylaag B Tabel B1-B8)** van die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12,* onderhewig aan die voorbehoudsbepalings soos uiteengesit in **paragraaf 28** van die genoemde beleidsdokument. | 12 (3 x 4 uur) |
| **TOTAAL** | **27,5** |

Die toegekende 27,5 uur per week mag slegs gebruik word vir die minimum vereistes vir vakke genoem in die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* soos hierbo gespesifiseer, en mag dus nie gebruik word vir addisionele vakke gevoeg by die lys van minimum vakke nie. Indien 'n leerder addisionele vakke wil aanbied, moet voorsiening vir bykomende tyd vir die aanbieding van hierdie vakke gemaak word.

# AFDELING 2

## INLEIDING TOT RELIGIESTUDIES

### 2.1 Wat is Religiestudies?

Religiestudies is die studie van religie as universele menslike verskynsel en van religieë wat in 'n verskeidenheid kulture voorgekom het. Religie en religieë word bestudeer sonder om enige religie voor te staan of om teen enige religie te diskrimineer, of dit nou in teorie, of praktyk geskied, en sonder om aanhang van enige bepaalde religie te bevorder. Religiestudie lei tot die erkenning van insig in en waardering vir 'n verskeidenheid religieë binne 'n gemeenskaplike mensdom, binne die konteks van 'n burgerlike begrip van die religie en met die oogmerk om religieuse geletterdheid te ontwikkel.

1. Die vak sluit die volgende vier onderwerpe in:

    - Verskeidenheid religieë
    - Algemene kenmerke van religieë as 'n generiese en unieke verskynsel.
    - Aktuele aangeleenthede in die samelewing
    - Navorsing oor religie en oor religieë heen

Die vier onderwerpe van Religiestudies laat spesialisasie van 'n spesifieke religie in Graad 12 toe. Deel van die inhoud maak hiervoor voorsiening deur 'n in-diepte-studie van 'n aktuele aangeleentheid in 'n spesifieke religieuse konteks, terwyl ander dele spesifiek lei tot die studie van die sentrale leringe en normatiewe bronne van een religie. Spesialisering in een religie vind plaas na verkenning van verskeie religieë.

### 2.2 Spesifieke doelstellings

Religiestudies beoog om:

(i) die grondwetlike waardes van burgerskap, menseregte, gelykheid, vryheid van diskriminasie en vryheid van gewete, religie, denke, geloof en mening te bevorder;

(ii) die leerder holisties te ontwikkel d.i. intellektueel, fisies, sosiaal, emosioneel en spiritueel;

(iii) die kennis, vaardighede en waardes wat nodig is vir die verryking van elke leerder sowel as die interpersoonlike verhoudings in 'n oop en demokratiese samelewing te bevorder;

(iv) die leerder toe te rus met kennis en begrip van 'n verskeidenheid religieë en hoe hulle met mekaar verband hou; en

(v) die leerder toe te rus met kennis en vaardighede vir navorsing oor religie as 'n sosiale verskynsel, navorsing oor religieë heen sowel as om die universele dimensies van religie met mekaar in verband te bring en te sistematiseer.

### 2.3 Tydstoekenning vir Religiestudies in die kurrikulum

Die NKV ken vier uur per week aan Religiestudies toe. Dit beteken dat daar 132 uur beskikbaar is vir die onderrig van Religiestudies in Graad 10 en 11 en 112 uur in Graad 12. Die groepering van die inhoud in Afdeling 3 van hierdie dokument strek oor 40 weke (160 uur) van die skooljaar ten einde dekking van die kurrikulum te verseker.

### 2.4 Gewigswaarde van onderwerpe

| | Onderwerp | Graad 10 | | Graad 11 | | Graad 12 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | **Weke** | **Uur** | **Weke** | **Uur** | **Weke** | **Uur** |
| 1. | Verskeidenheid religieë | 9 | 36 | 8 | 32 | 8 | 32 |
| 2. | Algemene kenmerke van religieë as 'n generiese en unieke verskynsel | 10 | 40 | 11 | 44 | 7 | 28 |
| 3. | Aktuele aangeleenthede in die samelewing | 8 | 32 | 8 | 32 | 6 | 24 |
| 4. | Navorsing oor religie en oor religieë heen | 6 | 24 | 6 | 24 | 7 | 28 |
| | **Kontaktyd** | **33** | **132** | **33** | **132** | **28** | **112** |
| | **Eksamens** | 7 | 28 | 7 | 28 | 12 | 48 |
| | **Totaal** | **40** | **160** | **40** | **160** | **40** | **160** |

# AFDELING 3

## OORSIG VAN ONDERWERPE PER KWARTAAL EN JAARLIKSE ONDERRIGPLANNE

### 3.1 Oorsig van onderwerpe

| | Onderwerp | Graad 10 | Graad 11 | Graad 12 |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Verskeidenheid religieë | • Verskillende groeperings van religieë<br>• Die oorsprong van religieë in die wêreld<br>• Die aard van religieë in Suid-Afrika<br>• Statistiese verspreiding van religieë<br>• Religieuse interaksie | • Hoofontwikkelings van religieë<br>• Die wedersydse interafhanklikheid van religie en sosiale faktore<br>• Invloed en aanpassing tussen religieë<br>• Belangrike konsepte<br>• Benaderings met die oog op interreligieuse dialoog | • Konseptuele onderskeidings<br>• Interne differensiasies binne religieë<br>• Hoofeienskappe van sodanige differensiasies<br>• Unieke kenmerke van verskeie religieë<br>• Geskiedkundige en huidige dinamika van interreligieuse verhoudings |
| 2. | Algemene kenmerke van religieë as 'n generiese en unieke verskynsel | • Verskillende definisies van religie<br>• Aspekte van begrip vir religie<br>• Hoofdimensies gemeenskaplik aan alle religieë<br>• Oorsprong van religieë<br>• Rolle van sosiale vorme, inrigtings en rolle in religie<br>• Sosiale vorme wat in verskeie religieë tot stand gekom het<br>• Leierskapsrolle soos dit in verskeie religieë tot stand gekom het. | • Simbole<br>• Teorieë oor religie<br>• Die aard en rol van vertellings en mites in religie<br>• Tipes rituele en hul rol in religieë<br>• Konsepte: Geloof, aanbidding, gebed, meditasie, mistisisme, spiritualiteit en die artistieke uitdrukking van religie | • Religieuse leringe<br>• Die hoofleerstellings van een religie<br>• Normatiewe bronne in verskeie religieë<br>• Interpretasie van een normatiewe bron<br>• Analise van sekulêre wêreldbeskouings<br>• Die oorsprong, doel en faktore wat 'n rol speel ten opsigte van ten minste twee wêreldbeskouings |
| 3. | Aktuele aangeleenthede in die samelewing | • Aktuele aangeleenthede in Suid-Afrika<br>• Aktuele aangeleenthede in Afrika en die wêreld.<br>• Etiese besluitnemingsbeginsels met betrekking tot die openbare lewe<br>• Religieë en die ekonomie<br>• Kritiese analise van die verhouding tussen religie en ekonomie | • Religie en die staat<br>• Hoe religieuse oortuigings die ontwikkeling van staatsbeleide en praktyke beïnvloed<br>• Religie en politiek<br>• Religieë en die natuurlike omgewing<br>• Mede-verantwoordelikheid en samewerking van religieë | • Ontwikkel 'n strategie om 'n belangrike sosiale probleem op te los<br>• Die rol van die media in die beïnvloeding van openbare mening oor religie<br>• Geloofsvryheid, menseregte en verantwoordelikhede |
| 4. | Navorsing oor religie en oor religieë heen | • Belangrike navorsingsbeginsels in Religiestudies<br>• Rituele<br>• Interreligieuse verhoudings | • Onderhoude oor geslagsaangeleenthede<br>• Ontspanning en rekreasie vanuit 'n etiese oogpunt | • Religie in konflikareas in Suid-Afrika, Afrika en die wêreld<br>• Religie en die natuurwetenskappe |

### 3.2 Raamwerk van wat onderrig moet word

| ONDERWERP | KWARTAAL 1 | GRAAD 10 |
|---|---|---|
| **WEKE 1 - 2** | | **Aanbevole bronne** |
| **Verskeidenheid religieë** | 8 uur | Handboeke, kaarte, verskillende religieuse almanakke, woordeboeke, religieuse muurkaarte |
| Verskillende groeperings van religieë: religieë in Afrika, Europa, Asië, Amerika, Australasië en die Stille Oseaan-gebied | | |
| **WEKE 3 – 5** | | |
| **Verskeidenheid religieë** | 12 uur | Handboeke, muurkaarte, almanakke, woordeboeke, koerantberigte, persone as bronne. |
| • Die oorsprong van religieë in die wêreld:<br>· Die onderskeid tussen v.A.E (voor algemene era) en AE (algemene era)<br>· Kalenders van verskeie religieë<br>· Eerste aanduidings van die voorkoms van religie: begrafnispraktyke en artistieke werke<br>· Vroeë argeologiese ontdekkings van religie in Afrika en ander kontinente: begrafnispraktyke en artistieke werke<br>· Ontwikkeling van die groeperings van religieë: wanneer en waar<br>• Die aard van die oorsprong van religieë in Suid-Afrika:<br>· Argeologiese bewyse, historiese oorsig van ontwikkelings, invloed van verskillende kulture op hul eie religieë tydens besoeke of werk in die land deur die eeue | | |
| **WEKE 6 - 7** | | |
| **Verskeidenheid religieë** | 8 uur | Handboeke, koerantberigte, kaarte |
| • Statistiese verspreiding van religieë:<br>· Religieuse kategorisering<br>· Metodes vir die verkryging van statistieke: organisatories, sensusverslae, opnames en peilings en die betroubaarheid van statistieke<br>· Probleemgebiede in die gebruik van statistiek en die vind van oplossings<br>· Die belangrike statistiese data in verband met religieë in Suid-Afrika, Afrika en die wêreld vandag: demografiese data vir die beskrywing van die situasie in verskeie religieë | | |
| **WEKE 8 – 10** | | |
| **Navorsing oor religie en oor religieë heen** | 12 uur | Handboek, naslaanbronne oor religieë, woordeboeke, vorms vir onderhoude |
| • Belangrike navorsingsbeginsels in Religiestudies:<br>· Definisie van konsepte: objektiwiteit, subjektiwiteit, neutraliteit, onpartydigheid, deelnemer- en buitestaander perspektiewe<br>· Toepassing van hierdie insigte op die historiese en sosiale begrip van religie<br>• Rituele: 'n ondersoekproses om waarnemingsvaardighede te ontwikkel<br>· Identifiseer die religieë en rituele, insluitende die deurgangsrituele<br>· Bewerkstellig kontak met die relevante persone<br>· Handhaaf die regte protokol<br>· Aanbieding van objektiewe verslag<br>· Klasbespreking | | |

| | |
|---|---|
| **Formele Assessering:**<br>1. Oopboek-uitgebreide skryfwerk<br>2. Toets | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe soos in die kwartaal aangedui, af te handel. Daar is egter nie 'n vasgestelde volgorde nie. |

| ONDERWERP | KWARTAAL 2 | GRAAD 10 |
|---|---|---|
| **WEKE 1 - 2** | | **Aanbevole bronne** |
| **Verskeidenheid religieë** | 8 uur | Handboek, koerantberigte, naslaanbronne oor religieë |
| • Religieuse interaksie:<br>· Verdraagsaamheid, respek, dialoog, konflik, fundamentalisme, pluralisme, propaganda, indoktrinasie en sinkretisme | | |
| **WEKE 3 – 5** | | |
| **Navorsing oor religie en oor religieë heen** | 12 uur | Handboek, woordeboeke, tydskrifte, onlangse koerantberigte |
| • Interreligieuse verhoudings: 'n ondersoekproses om vaardighede in onderhoudvoering te ontwikkel<br>· Ontwikkel vrae<br>· Stel vas hoe onderhoude gevoer behoort te word<br>· Identifiseer met wie onderhoude gevoer moet word<br>· Aanbieding van verslag<br>· Klasbespreking | | |
| **WEKE 6 - 7** | | |
| **Algemene kenmerke van religieë as 'n generiese en unieke verskynsel** | 8 uur | Handboek, kaarte, verskillende religieuse almanakke, woordeboeke, religieuse muurkaarte |
| • Definisies van religie: vergelyk verskeie definisies van religie<br>· Religie soos dit algemeen gedefinieer word<br>· Definisie van religie in 'n religieuse konteks<br>· Die leerder se begrip van religie<br>· Die verhouding tussen die begrip ‘religie’ en ander kosepte soos wêreldbeskouing en geloofstelsels: refleksie en impak van hierdie konsepte op religieuse interaksie | | |
| **WEKE 8 – 10** | | |
| **EKSAMENS** | | |

| | |
|---|---|
| **Formele Assessering:**<br>1. Brongebaseerde taak<br>2. Halfjaarlikse eksamen | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe soos in die kwartaal aangedui, af te handel. Daar is egter nie 'n vasgestelde volgorde nie. |

| ONDERWERP | KWARTAAL 3 | GRAAD 10 |
|---|---|---|
| **WEKE 1 – 3** | | **Aanbevole bronne** |
| **Algemene kenmerke van religieë as 'n generiese en unieke verskynsel** | 12 uur | Handboek, kaarte, verskillende religieuse almanakke, woordeboeke, religieuse muurkaarte |

- Aspekte van die begrip van religie:
  - Basiese feite van religieë
  - Die begrip van religieë uit die oogpunt van die aanhangers
  - Selfontdekking deur die leerders as 'n voortdurende proses sonder eksterne verwagting om te konformeer
  - Korrelasies en patrone
  - Onderskeid tussen Religiestudies en Religieopvoeding
- Hoofdimensies algemeen aan alle religieë:
  - Goddelikheid, kosmos, mensdom, kennis, die goeie en die mooie, heilige en normatiewe tradisie, vertelling en mite, etiek, rituele, simbool, geestelike ervaring of spiritualiteit, geloof en organisasie

**WEKE 4 - 5**

| | | |
|---|---|---|
| **Algemene kenmerke van religieë as 'n generiese en unieke verskynsel** | 8 uur | Handboek, woordeboeke, religieuse muurkaarte, tydskrifte |

- Oorspronge van religieë:
  - Die oorsprong van verskeie religieë: religieë sonder stigters en religieë met stigters
  - Rolle in die vorming van religieë: stigters, profete en hervormers

**WEKE 6 – 8**

| | | |
|---|---|---|
| **Algemene kenmerke van religieë as 'n generiese en unieke verskynsel** | 12 uur | Woordeboeke, handboek, religieuse muurkaarte, tydskrifte, koerantberigte |

- Rolle van sosiale vorms, instellings en rolle in religieë
- Sosiale vorms en/of instellings soos geskep in verskeie religieë:
  - Monargieë
  - Oligargieë
  - Demokrasieë
  - Verdeling van mag tussen sentrale en plaaslike organisasies
- Leierskapsrolle soos geskep in verskeie religieë:
  - Ouderling, geneser, predikant, non, ghoeroe, imam, monnik, pastoor, priester, profeet, geleerde, prieteres, pundit, onderwyser, rabbi en rolle gegrond op geboortereg

**WEKE 9 - 10**

| | | |
|---|---|---|
| **Aktuele aangeleenthede in die samelewing** | 8 uur | Handboek, woordeboeke, religieuse muurkaarte, koerantberigte. |

- Aktuele aangeleenthede in Suid-Afrika:
  - Manifestasie, oorsake en gevolge van onderwerpe en hoe dit vanuit die oogpunte van verskeie religieë begryp word

| | |
|---|---|
| **Formele Assessering:**<br>1. Projek<br>2. Toets | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe soos in die kwartaal aangedui, af te handel. Daar is egter nie 'n vasgestelde volgorde nie. |

| ONDERWERP | KWARTAAL 4 | GRAAD 10 |
|---|---|---|
| **WEKE 1 - 2** | | **Aanbevole bronne** |
| **Aktuele aangeleenthede in die samelewing** | 8 uur | Handboek, woordeboeke, naslaanbronne oor religieë, koerantberigte, tydskrifte |
| • Aktuele aangeleenthede in Afrika en die wêreld:<br>· Manifestasie, oorsake en gevolge van onderwerpe en hoe dit vanuit die oogpunte van verskeie religieë begryp word | | |
| **WEKE 3 - 4** | | |
| **Aktuele aangeleenthede in die samelewing** | 8 uur | Handboek, woordeboeke, tydskrifte, koerantberigte |
| • Beginsels van etiese besluitneming met betrekking tot openbare lewe: hoe mense uit verskillende religieë besluite neem aangaande sosiale etiek:<br>· Die oorspronge van etiese besluitneming<br>· Die beginsels van harmonieuse sosiale bestaan soos uiteengesit deur verskeie religieë | | |
| **WEKE 5 - 6** | | |
| **Aktuele aangeleenthede in die samelewing** | 8 uur | Handboek, woordeboeke, tydskrifte, onlangse koerantberigte |
| • Religieë en ekonomie uit 'n Religiestudies perspektief<br>• Kritiese analise van die verhouding tussen religieë en ekonomie met verwysing na werk, beloning, geregtigheid, welvaart en armoede:<br>· Religieuse standpunte oor die verhouding<br>· Etiese beginsels in religieë wat op ekonomie van toepassing is<br>· Invloed van religieë op die ekonomiese lewe<br>· Invloed van ekonomie op religieë | | |
| **WEKE 7 – 10** | | |
| **EKSAMEN** | | |

| | |
|---|---|
| **Formele assessering:**<br>Jaareindeksamen | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe soos in die kwartaal aangedui, af te handel. Daar is egter nie 'n vasgestelde volgorde nie. |

| ONDERWERP | KWARTAAL 1 | GRAAD 11 |
|---|---|---|
| **WEKE 1 - 2** | | **Aanbevole bronne** |
| **Verskeidenheid religieë** | 8 uur | Handboek, statistieke oor religieuse demografieë, woordeboeke, religieuse muurkaarte |
| • Hoofontwikkelings van religieë: ontwikkeling in Suid-Afrika en die wêreld. Belangrike invloede in die ontwikkeling van religieë | | |
| **WEKE 3 - 4** | | |
| **Verskeidenheid religieë** | 8 uur | Muurkaarte, woordeboeke, handboek, koerantberigte en verslae |
| • Die wedersydse interafhanklikheid van religie en sosiale faktore: jagter-versamelaar-samelewings; vroeë kosprodusente; vroeë staatsamelewings, samelewings met meer gevorderde tegnologie, moderne tegnologiese samelewing, postmoderne samelewing | | |
| **WEKE 5 - 6** | | |
| **Verskeidenheid religieë** | 8 uur | Handboek, statistiek oor religieuse demografieë, woordeboeke, religieuse muurkaarte |
| • *Invloed en aanpassing tussen religieë:* verhoudings wat in die verlede tussen religieë bestaan het<br>· Baie sterk wedersydse invloed tussen religieë: Sikhisme en Afrika-geïnisieerde Kerke<br>· Sendingreligieë: Christendom, Islam, Baha'i-geloof en Boeddhisme<br>· *Niesendingreligieë:* Afrika-religie, Judaïsme en Hindoeïsme<br>• *Die onderskeid tussen die belangrike begrippe*: missie, envangelisasie, bekeringswerk, vernuwing, ekumenisme, sinkretisme en religieuse kolonialisme of imperialisme | | |
| **WEKE 7 - 8** | | |
| **Verskeidenheid religieë** | 8 uur | Handboek, statistiek oor religieuse demografieë, woordeboeke, religieuse muurkaarte |
| • Benaderings wat interreligieuse dialoog ten doel het: identifiseer en ondersoek krities<br>· Gesindhede van 'n verskeidenheid religieë teenoor mekaar<br>· Interpretasies van verskeie religieë teenoor mekaar | | |
| **WEKE 9 - 10** | | |
| **Algemene kenmerke van religieë as 'n generiese en unieke verskynsel** | 8 uur | Handboek, statistiek oor religieuse demografieë, woordeboeke, religieuse muurkaarte |
| • Simbole:<br>· Begrip van die term simbool<br>· Belangrikheid van simbole in religieë<br>· Die rol wat simbole in die voorstelling en aanbieding van iets speel<br>· Sentrale simbole in verskeidenheid religieë, insluitend die oorsprong en betekenis en hoe en wanneer dit gebruik word<br>· Hoe die betekenis van simbole met die verloop van tyd verander het | | |
| | | |
| **Formele Assessering:**<br>1. Oopboek-uitgebreide skryfwerk<br>2. Toets | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe soos in die kwartaal aangedui, af te handel. Daar is egter nie 'n vasgestelde volgorde nie. | |

| ONDERWERP | KWARTAAL 2 | GRAAD 11 |
|---|---|---|
| **WEKE 1 - 2** | | **Aanbevole bronne** |
| **Algemene kenmerke van religieë as 'n generiese en unieke verskynsel** | 8 uur | Muurkaarte, woordeboeke, handboek, tydskrifte, koeranberigte en verslae |
| • Teorieë oor religie<br>· Begrip van die term teorie<br>· Teorie in 'n religieuse konteks<br>· Begrip van funksionalistiese en konflikteorieë<br>· Moraliteit en etiek in religie | | |
| **WEKE 3 - 4** | | |
| **Algemene kenmerke van religieë as 'n generiese en unieke verskynsel** | 8 uur | Handboek, woordeboeke, muurkaarte, tydskrifte, koerantberigte en verslae |
| • Die aard en rol van vertelling en mite in religie:<br>· Begrip van die term vertelling<br>· Begrip van die konsep mite: verkillende soorte mites<br>· Die verskeidenheid rolle van mites of mitologiese elemente in religie<br>· Analise van 'n aantal vertellings en mites in religieë | | |
| **WEKE 5 – 7** | | |
| **Navorsing oor religie en oor religieë heen** | 12 uur | Muurkaarte, woordeboeke, handboek, tydskrifte, koerantberigte en verslae |
| • Onderhoude oor geslagsaangeleenthede: gestruktureerde onderhoude wat geslag, religie, kultuur en ekonomiese agtergronde in ag neem<br>• Identifiseer die persone met wie onderhoude gevoer moet word<br>• Ontwikkel die vrae wat gevra gaan word<br>• Stel vas hoe onderhoude gevoer behoort te word<br>• Aanbieding van objektiewe verslag<br>• Klasbespreking | | |
| **WEKE 8 – 10** | | |
| **EKSAMEN** | | |

| | |
|---|---|
| **Formele Assessering:**<br>1. Brongebaseerde taak<br>2. Halfjaarlikse eksamen | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe soos in die kwartaal aangedui, af te handel. Daar is egter nie 'n vasgestelde volgorde nie. |

| ONDERWERP | KWARTAAL 3 | GRAAD 11 |
|---|---|---|
| **WEKE 1 - 2** | | **Aanbevole bronne** |
| **Algemene kenmerke van religieë as 'n generiese en unieke verskynsel** | 8 uur | Muurkaarte, woordeboeke, handboek, tydskrifte, koerantberigte en verslae |
| • Soorte rituele en die rol daarvan in religieë:<br>· Begrip van die konsep ritueel: oorsprong en betekenis van verskeie rituele en hoe dit verband hou met spesifieke historiese gebeure in religie<br>· Algemene kenmerke van rituele<br>· Onderskei tussen verskillende soorte rituele<br>· Onderskei die verskeie rolle van ritueel in religie<br>· Verband tussen rituele en verskeie religieë<br>· Ritueel as verteenwoordiging van verskeie oortuigings of beginsels van religieë | | |
| **WEKE 3 - 4** | | |
| **Algemene kenmerke van religieë as 'n generiese en unieke verskynsel** | 8 uur | Muurkaarte, woordeboeke, handboek, tydskrifte, koerantberigte en verslae |
| • Konsepte: geloof, aanbidding, gebed, meditasie, mistisisme en spiritualiteit, artistieke uitdrukking religie, betekenis van konsepte en hoe dit in verskeie religieë voorkom<br>· Maniere waarop religie in spesifieke artistieke werke weerspieël en geïnterpreteer word | | |
| **WEKE 5 - 6** | | |
| **Aktuele aangeleenthede in die samelewing** | 8 uur | Muurkaarte, woordeboeke, handboek, tydskrifte, koerantberigte en verslae |
| • Religie en die staat: met verwysing na verskillende religieë in die geskiedenis:<br>· 'n Kritiese analise, uit 'n Religiestudies-perspektief van die verhouding tussen religie en staat: geen onderskeid, teokrasie, staatsreligie, sekularisme en samewerkingsmodel<br>• Maniere waarop religieuse oortuigings die ontwikkeling van staatsbeleide en praktyke beïnvloed, insluitende voorbeelde | | |
| **WEKE 7 - 8** | | |
| **Aktuele aangeleenthede in die samelewing** | 8 uur | Muurkaarte, woordeboeke, handboek, tydskrifte, koerantberigte en verslae |
| • Religie en politiek<br>· Die verhouding tussen religie en politiek in terme van religieuse beskouings oor politiek, hoe religie die politieke lewe beïnvloed, hoe politiek die religie beïnvloed<br>· Aspekte sluit in kolonialisme, imperialisme, bevryding en transformasie | | |
| **WEKE 9 - 10** | | |
| **Aktuele aangeleenthede in die samelewing** | 8 uur | Handboek, woordeboeke, muurkaarte, tydskrifte, koerantberigte en verslae |
| • Religie en die natuurlike omgewing: die invloed van die natuurlike omgewing op religie en die invloed van religie op die natuurlike omgewing<br>· Verskillende religieuse perspektiewe oor sake rakende die kweekhuiseffek en alternatiewe energiebronne: religieuse opvattings, etiese beginsels, praktiese betrokkenheid, omgewingsgeregtigheid en genot | | |

| | |
|---|---|
| **Formele Assessering:**<br>1. Projek<br>2. Toets | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe soos in die kwartaal aangedui, af te handel. Daar is egter nie 'n vasgestelde volgorde nie. |

| ONDERWERP | KWARTAAL 4 | GRAAD 11 |
|---|---|---|
| **WEKE 1 – 3** | | **Aanbevole bronne** |
| **Aktuele aangeleenthede in die samelewing** | 12 uur | Muurkaarte, woordeboeke, handboek, tydskrifte, koerantberigte en verslae |
| • Medeverantwoordellikheid en samewerking van religieë:<br>· Redes waarom religieë verantwoordelikheid vir die lewensgehalte in die samelewing deel<br>· Religieuse hulpbronne beskikbaar om medeverantwoordelikheid vir die verbetering van lewensgehalte te aanvaar<br>· Voorbeelde van samewerking tussen religieë om die lewensgehalte van die samelewing te verbeter<br>· Die impak van religie op die samelewing | | |
| **WEKE 4 – 6** | | |
| **Navorsing oor religie en oor religieë heen** | 12 uur | Muurkaarte, woordeboeke, handboek, tydskrifte, koerantberigte en verslae |
| • Religie en ontspanning uit 'n etiese oogpunt:<br>· Verhouding tussen werk en ontspanning<br>· Vorme van ontspanning en rekreasie in die individuele en gemeenskapslewe<br>· Ontspanning en rekreasie in verskeie religieë<br>· Verteenwoordigende advertensies en borgskappe verwant aan ontspanningsaktiwiteite: saamstel en analiseer<br>· Etiek van die ontspanningsbedryf: evalueringsverslag | | |
| **WEKE 7 – 10** | | |
| **EKSAMEN** | | |

| | |
|---|---|
| **Formele assessering:**<br>Jaareindeksamen | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe soos in die kwartaal aangedui, af te handel. Daar is egter nie 'n vasgestelde volgorde nie. |

| ONDERWERP | KWARTAAL 1 | GRAAD 12 |
|---|---|---|
| **WEKE 1 – 4** | | **Aanbevole bronne** |
| **Verskeidenheid religieë** | 16 uur | Handboek, religieuse muurkaarte, wêreldkaart, woordeboek, onlangse koerantberigte |
| • Konseptuele onderskeidings:<br>· Konsepte wat gereeld gebruik word binne die konteks van religie: identiteit, uniekheid, eenheid, ooreenkoms, verskil en vergelykbaarheid<br>· Gebruik van die konsepte binne toepaslike kontekste<br>• Interne differensiasie binne religieë: alle religieë vertoon 'n rykdom van interne verskille. Fokus op onderafdelings of denkgroepe of vertakkinge in 'n aantal religieë in Suid-Afrika insluitend:<br>· Afrika-religie, Hindoeïsme, Boeddhisme, Judaïsme, Christenskap, Islam en ander wêreldbeskouings<br>• Belangrikste eienskappe van sodanige differensiasies met verwysing na leer, filosofie, bestuur en praktyke.<br>• Spesialisering in een religie | | |
| **WEKE 5 – 7** | | |
| **Verskeidenheid religieë** | 12 uur | Handboek, religieuse muurkaarte, wêreldkaart, woordeboek, onlangse koerantberigte |
| • Unieke eienskappe van verskeie religieë:<br>· Identifiseer en verduidelik die unieke kenmerke van verskeie religieë in 'n omvattende religieuse konteks<br>· Wat verstaan religieë omtrent hul eie uniekheid<br>• Spesialisering in een religie<br>• Geskiedenis en huidige dinamiek van interreligieuse verhoudings in Suid-Afrikaanse, Afrika en internasionale gemeenskappe:<br>· Oorsig van die geskiedenis en huidige dinamiek deur middel van geskrewe bronne, onderhoude en literatuur<br>· Organisasies wat interreligieuse dialoog bevorder: agtergrond, doel en impak | | |
| **WEKE 8 – 10** | | |
| **Navorsing oor religie en oor religieë heen** | 12 uur | Woordeboeke, naslaanbronne oor religieë, handboek, tydskrifte, persone as bronne. |
| • Religie in konflikareas in Suid-Afrika, Afrika en die wêreld: identifiseer en bestudeer twee of drie van hierdie onlangse konflikareas<br>· Analiseer die situasies<br>· Op watter wyses is religie deel van die probleem?<br>· Op watter wyses is religie deel van die oplossing deur die voorkoming van konflik en deur die herstel van vrede?<br>· Spesialisering in een religie | | |

| | |
|---|---|
| **Formele Assessering:**<br>1. Brongebaseerde taak<br>2. Toets | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe soos in die kwartaal aangedui, af te handel. Daar is egter nie 'n vasgestelde volgorde nie. |
| Spesialisering in een religie dui aan dat die leerder 'n in-diepte kennis van een religie moet hê, maar impliseer nie dat ander religieë uitgesluit mag word nie. | |

| ONDERWERP | KWARTAAL 2 | GRAAD 12 |
|---|---|---|
| **WEKE 1 – 3** | | **Aanbevole bronne** |
| **Aktuele aangeleenthede in die samelewing** | 12 uur | Woordeboeke, naslaanbronne oor religieë, handboek, tydskrifte, |
| Ontwikkeling van 'n strategie om 'n belangrike sosiale probleem op te los:<br>• Die hoof elemente:<br>· Identifisering en analisering van die probleem<br>· Omskrywing van en oorweging van die beskikbare religieuse bronne<br>· Omskrywing van praktiese stappe wat 'n oplossing sal bewerkstellig<br>• Spesialisering in een religie<br>• Rol van die media om die openbare mening oor religie te beïnvloed:<br>• Religieuse aangeleenthede wat in die media openbaar word<br>• Die verskillende media wat inligting oor religie aanbied<br>• Skakel tussen bepaalde media en verskillende religieë<br>• Boodskap oor religie deur media oorgedra en hoe dit die openbare mening beïnvloed | | |
| **WEEK 4** | | |
| **Algemene kenmerke van religieë as 'n generiese en unieke verskynsel** | 4 uur | Woordeboeke, naslaanbronne oor religieë, handboek, tydskrifte, persone as bronne. |
| • *Religieuse leerstellings*: 'n Verskeidenheid van rolle in verskillende religieë.<br>· Die onderskeid tussen die konsep '*leer*' en die volgende konsepte: geloof, doktrine, dogma, vergelyking, mite en ideologie | | |
| **WEKE 5 – 7** | | |
| **Algemene kenmerke van religieë as 'n generiese en unieke verskynsel** | 12 uur | Woordeboeke, naslaanbronne oor religieë, handboek, tydskrifte, persone as bronne. |
| • Die sentrale leerstellings in een religie:<br>· Hoofleerstellings, insluitend die volgende komponente: die aard van die goddelikheid, die aard van die wêreld, die aard van die mensdom met verwysing na die gemeenskap en individu, die plek en verantwoordelikheid van die mens in die wêreld, die oorsprong en die rol van boosheid, oorwinning oor boosheid, lewe na die dood<br>• Spesialisering in een religie<br>• Normatiewe bronne in verskeie religieë:<br>· Die voorkoms van die volgende normatiewe bronne in verskeie religieë: kontemporêre inspirasie, mondelinge tradisie en heilige geskrifte<br>· Die oorsprong en ontwikkeling van normatiewe bronne in verskillende religieë | | |
| **WEKE 8 – 10** | | |
| **EKSAMENS** | | |

| | |
|---|---|
| **Formele Assessering:**<br>1. Oopboek-uitgebreide skryfwerk<br>2. Halfjaarlikse eksamen | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe soos in die kwartaal aangedui, af te handel. Daar is egter nie 'n vasgestelde volgorde nie. |

| ONDERWERP | KWARTAAL 3 | GRAAD 12 |
|---|---|---|
| **WEKE 1 - 2** | | **Aanbevole bronne** |
| **Algemene kenmerke van religieë as 'n generiese en unieke verskynsel** | 8 uur | Woordeboeke, naslaanbronne oor religie, handboek, tydskrifte, persone as bronne. |
| • Interpretasie van een normatiewe bron<br>· Die hermeneutiese beginsels van die interprestasie van die normatiewe bronne in enige een religie<br>· Werklike interpretasie van een belangrike normatiewe bron in enige een religie: Afrika mondelinge en geskrewe tradisie, die Bybel, die Koran, Die Tanach, die Vedas, die Kita-i-Aqdas en die Pali Kanon<br>• Analise van 'n sekulêre wêreldbeskouing met verwysing na die definisie van religie en die universele dimensies van religie: ateïsme, agnostisisme, humanisme en materialisme.<br>• Die oorsprong, doel en faktore wat 'n invloed op ten minste twee wêreldbeskouings uitoefen<br>• Spesialiseriing in een religie | | |
| **WEKE 3 – 5** | | |
| **Navorsing oor religie en oor religieë heen** | 12 uur | Woordeboeke, naslaanbronne oor religie, handboek, tydskrifte, persone as bronne. |
| • Religie en die natuurwetenskappe:<br>· Ondersoek die verhouding tussen religie en die natuurwetenskappe met verwysing na opvattings oor die skepping en evolusie | | |
| **WEKE 6 - 7** | | |
| **Aktuele aangeleenthede in die samelewing** | 8 uur | Woordeboeke, naslaanbronne oor religie, handboek, tydskrifte, persone as bronne. |
| • Geloofsvryheid, menseregte en verantwoordelikhede:<br>· Beskikbare bronne in verskillende religieë met betrekking tot geloofsvryheid, menseregte en verantwoordelikhede<br>· Religieuse leerstellings met betrekking tot moraliteit en etiek in die moderne samelewing<br>· Praktiese betrokkenheid van verskillende religieë by die bevordering van geloofsvryheid, menseregte en verantwoordelikhede. | | |
| **WEKE 8 – 10** | | |
| **EKSAMEN** | | |

| | |
|---|---|
| **Formele assessering:**<br>1. Toets<br>2. Projek<br>3. Voorbereidende eksamen | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe soos in die kwartaal aangedui, af te handel. Daar is egter nie 'n vasgestelde volgorde nie. |
| Spesialisering in een religie dui aan dat die leerder 'n in-diepte kennis van een religie moet hê, maar impliseer nie dat ander religieë uitgesluit mag word nie. | |

| ONDERWERP | KWARTAAL 4 | Graad 12 |
|---|---|---|
| **WEEK 1** | | **Aanbevole bronne** |
| **Verskeidenheid religieë** | 4 ure | Woordeboeke, naslaanbronne oor religie, handboek, tydskrifte. |
| • Vaslegging van werk<br>· Konseptuele onderskeidings<br>· Interne differensiasies<br>· Unieke kenmerke van verskeie religieë<br>· Rolle van verskeie religieë<br>· Geskiedkundige en huidige dinamika van interreligieuse verhoudings in Suid-Afrika | | |
| **WEEK 2** | | |
| **Aktuele aangeleenthede in die samelewing** | 4 uur | Woordeboeke, naslaanbronne oor religie, handboek, tydskrifte. |
| • Vaslegging van werk<br>· Geloofsvryheid, menseregte en verantwoordelikhede<br>· Sosiale probleme in Suid-Afrika en die wêreld<br>· Mediadekking oor relevante religieuse aangeleenthede | | |
| **WEEK 3** | | |
| **Navorsing oor religie en oor religieë heen** | 4 uur | Woordeboeke, naslaanbronne oor religie, handboek, tydskrifte. |
| • Vaslegging van werk<br>· Religie in konflikareas in Suid-Afrika en die wêreld<br>· Religie en die natuuurwetenskappe | | |
| **WEEK 4** | | |
| **Algemene kenmerke van religieë as 'n generiese en unieke verskynsel** | 4 uur | Woordeboeke, naslaanbronne oor religie, handboek, tydskrifte. |
| • Vaslegging van werk:<br>· Die rol van leerstellings in verskeie religieë<br>· Interpretasie van normatiewe bronne<br>· Die hoofleerstellings van een religie | | |
| **WEKE 5 – 10** | | |
| **EKSAMEN** | | |

| | |
|---|---|
| **Formele assessering**<br>Eksterne eksamen | Dit is verpligtend om die gegewe onderwerpe soos in die kwartaal aangedui, af te handel. Daar is egter nie 'n vasgestelde volgorde nie. |
| Spesialisering in een religie dui aan dat die leerder 'n in-diepte kennis van een religie moet hê, maar impliseer nie dat ander religieë uitgesluit mag word nie. | |

# AFDELING 4

## ASSESSERING IN RELIGIESTUDIES

### 4.1 Inleiding

Assessering is 'n deurlopende, beplande proses om inligting oor leerderprestasie te identifiseer, te versamel en te vertolk. Verskeie vorme van assessering word in hierdie proses gebruik. Dit bestaan uit vier stappe: die ontwikkeling en versameling van bewyse van prestasie; die evaluering van die bewyse; rekordhouding van die bevindinge en die gebruik van hierdie inligting om die leerder se ontwikkeling te verstaan en te ondersteun. Sodoende word die onderrig en leerproses bevorder.

Assessering behoort informeel (assessering vir leer) sowel as formeel (assessering van leer) te wees. In albei gevalle moet leerders gereelde terugvoering ontvang om die leerervaring te verbeter.

Religiestudies is nie 'n vorm van religieonderrig nie. Persoonlike geloof en oortuigings word nie krities geassesseer nie. Die wyse waarop operatiewe konsepte en denkvaardighede op religie as 'n sosiale verskynsel toegepas word, word geassesseer.

Leerdervordering in Religiestudies word deurlopend deur die hele skooljaar gemonitor en bestaan uit die volgende twee verskillende, dog verwante aktiwiteite:

(i) Informele of daaglikse assesseringstake; en

(ii) Formele assesseringstake

### 4.2 Informele of daaglikse assessering

Die doel van assessering vir leer is om deurlopend inligting oor 'n leerder se prestasie te versamel wat gebruik kan word om leer te bevorder.

Informele of daaglikse assessering behels die daaglikse monitering van die leerders se vordering. Dit word gedoen deur waarneming, praktiese demonstrasies, leerder-onderwyser-konferensies, informele klaskamerinteraksies, ens. Dit moet nie beskou word as losstaande van die leeraktiwiteite wat in die klaskamer plaasvind nie.

Informele assesseringstake in Religiestudies word as deel van die onderrig- en leerproses gebruik om:

(i) Sterk en swak punte op 'n tydige wyse te assesseer as grondlyn- of diagnostiese assessering van 'n leerder se vermoë;

(ii) Onderwysers en leerders se aandag te vestig op die behoefte vir addisionele ondersteuning (hersiening van sekere afdelings) en herevaluering van onderrig- en leeraktiwiteite;

(iii) Leerders te motiveer en aan te moedig om aktief in klasverband deel te neem;

(iv) Die ontwikkeling van die leerder se vaardighede, kennis en waardes te versterk.

Leerders of onderwysers kan hierdie assesseringstake nasien. Selfassessering en portuurassessering betrek leerders direk by assessering. Dit is belangrik omdat dit leerders toelaat om oor hul eie prestasie te leer en daaroor te besin. Die uitslae van informele daaglikse assessering word nie formeel opgeteken nie, behalwe as die onderwyser dit graag wil doen. Die uitslag van die daaglikse assesseringstake word ook nie ag geneem vir bevordering en sertifisering nie.

### 4.3 Formele assessering

Alle assesseringstake wat deel vorm van die formele assesseringsprogram vir die jaar word beskou as formele assessering. Formele assesseringstake word nagesien en formeel deur die onderwyser vir progressie en sertifisering opgeteken. Alle formele assesseringstake word gemodereer ter wille van gehalteversekering en om te verseker dat gepaste standaarde gehandhaaf word.

Formele assessering voorsien aan onderwysers 'n sistematiese manier om te evalueer hoe goed leerders in 'n graad en in 'n spesifieke vak vorder. Die vorme van assessering wat gebruik word, moet op die ouderdoms- en ontwikkelingsvlak van die leerders van toepassing wees. In die formele assesseringsprogram vir Religiestudies word daar van leerders verwag om sewe interne take per graad te voltooi.

In Graad 10 en 11 word ses take deur die jaar voltooi en dit maak 25 % van die totale punt vir Religiestudies uit. Die sewende taak is die finale eksamen wat die oorblywende 75 % uitmaak. In Graad 12 word al sewe take intern opgestel en geassesseer en maak 25 % van die totale punt vir Religiestudies uit. Die eksterne eksamen word ekstern opgestel en gemodereer en maak die oorblywende 75 % van die totale punt uit.

Formele assessering in Religiestudies moet voorsiening maak vir 'n reeks kognitiewe vlakke van die leerders soos hieronder aangetoon:

| GEWIGSWAARDE | KOGNITIEWE VLAK BESKRYWING | BLOOM SE TAKSONOMIE |
|---|---|---|
| 30 % | Herroep (kennis) | Vlakke 1 en 2 |
| 40 % | Begrip | Vlakke 3 en 4 |
| 30 % | Analise, toepassing, evaluering en sintese | Vlakke 5 en 6 |

## 4.4 Assesseringsprogram

Die assesseringsprogram is ontwikkel om formele assesseringstake in alle vakke in 'n skool oor 'n skooljaar te versprei .

Die volgende tabel gee die gewigswaarde van die sewe interne formele take vir Religiestudies:

**Graad 10 en 11**

| Kwartaal 1 | Kwartaal 2 | Kwartaal 3 | Kwartaal 4 |
|---|---|---|---|
| Taak 1<br>Oopboek-uitgebreide skrywerk: 100 punte<br><br>Taak 2<br>Toets: 100 punte | Taak 3<br>Brongebaseerdetaak:<br>100 punte<br><br>Taak 4<br>Halfjaarlikse eksamen:<br>300 punte | Taak 5<br>Projek: 100 punte<br><br>Taak 6<br>Toets: 100 punte | Taak 7<br>Jaareindeksamen: 300 punte |

**Graad 12**

| Kwartaal 1 | Kwartaal 2 | Kwartaal 3 | Kwartaal 4 |
|---|---|---|---|
| Taak 1<br>Brongebaseerdetaak:<br>100 punte<br><br>Taak 2<br>Toets: 100 punte | Taak 3<br>Oopboek-uitgebreide skrywerk: 100 punte<br><br>Taak 4<br>Halfjaarlikse eksamen:<br>300 punte | Taak 5<br>Toets: 100 punte<br><br>Taak 6<br>Projek: 100 punte<br><br>Taak 7<br>Voorbereidende eksamen: 300 punte | Eksterne eksamen: 300 punte |

**Aard van formele take in Religiestudies**

Die inhoud, konsepte en vaardighede in Religiestudies som die bevoegdhede wat per graad in Religiestudies behaal moet word, op. Ten einde vas te stel of inhoud, konsepte, kennis en vaardighede bereik is, moet assessering op die volgende aspekte fokus:

(i) Kompleksiteit van kennis moet binne en oor grade toeneem

(ii) Operatiewe konsepte en algemene denkvaardighede moet binne en oor grade toeneem.

(iii) Datahantering, ondersoeke, probleemoplossings en kommunikasiebevoegdhede.

#### 4.4.1 Eksamens

**(i) Graad 10: Halfjaarlikse en Jaareind**

**Een twee uur vraestel: 150 punte x 2 = 300**

In die Graad 10 Religiestudies eksamen word daar van die leerder verwag om drie vrae te beantwoord. Die vraestel bestaan uit een verpligte vraag (kortvrae van 50 punte) en twee keusevrae van 50 punte elk (30 vir brongebaseerde vrae en 20 vir uitgebreide skryfwerk)

(a) Kortvrae sal eenwoord-antwoorde vereis, wat definisies insluit, waar of onwaar en veelvuldige keusevrae. Dié afdeling sluit ook vrae in wat kort verduidelikings en kortlikse beskrywings vereis.

(b) Brongebaseerde vrae sal fokus op die toetsing van 'n reeks bronne soos tekste, kaarte en grafieke, sowel as vergelykende vrae. Die verlangde antwoorde strek vanaf kort response tot paragrawe.

(c) Die uitgebreide skryfstuk vereis dat leerders hul eie kennis en inligting moet gebruik om 'n uitgebreide teks op 'n generiese aangeleentheid te lewer.

**(ii) Graad 11: Halfjaarlikse en Jaareind**

**Twee twee uur vraestelle: 150 + 150 = 300**

**Vraestel 1: 150 punte**

Daar word van 'n leerder verwag om drie vrae te beantwoord: een verpligte vraag (kortvrae van 50 punte) en 'n keuse van twee uit drie tot vier vrae van 50 punte elk. Vrae sal fokus op die ondervraging van 'n reeks bronne soos tekste, kaarte, grafieke ens. en sluit vergelykende vrae in. Die vereiste antwoorde strek vanaf kort response tot paragrawe.

**Vraestel 2: 150 punte**

Drie gefokusde vrae (keuse van drie uit vier tot vyf vrae): 50 punte elk. Vrae sal fokus op ontleding en interpretasie van generiese aangeleenthede wat op religie betrekking het. Van leerders word daar verwag om standpunt aan te bied oor 'n aangeleentheid/aangeleenthede van 'n spesifkieke religieuse perspektief, die stelling te beredeneer en te kritiseer. 'n Bron kan ingesluit word om as stimulus te dien

Die halfjaarlikse en jaareindeksamen in grade 11 en 12 sal soortgelyk aan die eksterne eksamen wees. Die eksamenriglyne sal besonderhede van sosiale probleme wat in Gr. 12 vir die bepaalde jaar aangespreek moet word, verskaf. As daar nie nuwe riglyne is nie, sal die vorige jaar se riglyne as relevant beskou word.

#### 4.4.2 Toetse

**Een 1 uur 30 minute vraestel: 100 punte**

'n Toets in Religiestudies sal uit drie vrae bestaan: 30 vir brongebaseerde vrae, 30 vir kortvrae en 40 vir uitgebreide skryfwerk

#### 4.4.3 Projek

Die projek sal in een van die volgende vorme wees: 'n navorsingstaak, 'n mondelinge taak, 'n verrykende taak of 'n ondersoek. Die onderwerp en aard sal deur die inhoud, wat gedek word volgens die jaarlikse leerplan, bepaal word. Die projek sal uitgebreide lees en skryfwerk van die leerder vereis. Die finale produk sal in die vorm van 'n opstel wees met subtitels wat verwant is aan die kriteria van die taak. Leerders sal ekstra tyd, buite kontaktyd, moet spandeer om hulpmiddels en inligting in te samel om die taak te voltooi. Die voltooiing van die taak moet deur die onderwyser in klastyd gefasiliteer word.

Die projek moet voor die einde van die tweede kwartaal, nadat die verwante inhoud tot die projek aangespreek is, aan die leerders gegee word vir inhandiging gedurende die derde kwartaal. Hulle benodig genoegsame leiding tydens die aanvang van die projek en vordering moet deurgaans gemonitor word. Alle assesseringskriteria wat op die projek van toepassing is, moet met die leerders bespreek word voor die aanvang van die projek.

**a. Navorsingstaak**

Die opdrag vereis dat die leerder 'n taak wat op die navorsing gebaseer is, moet voltooi. Dit sluit die ondersoekproses in. 'n Sleutelvraag met 'n onderwerp, verwant aan 'n spesifieke religieuse aangeleentheid, word benodig. Die taak moet bewyse van beplanning toon en moet demonstreer dat inligting wat deur navorsing verkry is in die argument saamgestel is, 'n interpretasie maak en 'n gevolgtrekking wat op die sleutelvraag gebaseer is, bereik. Ideaal gesien sal leerders hulle vermoë demonstreer om 'n vraag vir navorsing te formuleer. Hulle moet bronne relevant tot die taak identifiseer, selekteer en toegang daartoe verkry. Die leerders moet gelei word om 'n vraag te formuleer vir hulle navorsingstaak. In hul soeke na beskikbare inligtingsbronne moet hulle die gekose onderwerp navors.

**b Mondelinge taak**

'n Mondelinge taak sal 'n aantal komponente hê, nl.: 'n sleutelvraag om die navorsing te fokus; formulering van vrae vir 'n onderhoud, agtergrondnavorsing om onderhoude in konteks te plaas; onderhoude en transkripsies van die onderhoude; 'n geskrewe bespreking oor hoe die inligting in die onderhoude wat met 'n sekere periode verband hou; op graad 12 vlak, 'n evaluering van die onderhoude wat as bronne oor 'n religie /of religieë dien en self-refleksie ten opsigte van persoonlike groei, kennis en begrip van religie/ of religieë teen die einde.

**c. Verrykingstaak**

'n Verrykingstaak is 'n kreatiewe, oorspronklike en nuwe manier om ondersoeke of navorsingswerk, wat nie as 'n tradisionele of konvensionele navorsingstaak gekategoriseer kan word nie, aan te bied. Die taak sal al die stappe van die navorsingstaak volg, met die verskil dat die finale aanbieding van die ondersoek of navorsing kreatiewe elemente sal hê soos, byvoorbeeld dokumentêre, videos, biografieë, multimedia-aanbiedings, plakkate, geskiedenis van religie, ondersoeke van rituele, simbole en verwante waardes, tekste, aantekeninge en plaaslike tradisies. Dié tipe taak akkomodeer verskillende leerstyle.

**d. Ondersoek**

Dié taak sluit probleemoplossing wat skakel met hedendaagse aangeleenthede in interpretasies en verteenwoordiging van 'n religie/of religieë in. Die leerders sal versoek word om planne vir die oplossing van wanvertolkings regoor die aarde / en wanvoorstelling in 'n gemeenskap aan te bied; of meer direkte ondersoeke oor gemeenskapsimbole en rituele wat met 'n religie/of religieë assosieer word, aan te bied. Dit sal skakel met kennis oor religieuse plekke, religieuse feeste en religieuse vakansies. Die hoofgedagte is om die leerders se begrip oor religie/ of religieë te verbreed asook hoe dit in die samelewing en die groter wêreld geïnterpreteer en verteenwoordig word. Leerders

moet toegang tot 'n verskeidenheid bronne verkry wanneer 'n ondersoek gedoen word. Die ondersoek in graad 12 kan 'n uitbreiding wees op die taak wat in graad 11 uitgevoer was. Hoe ook al, as onderwysers dit verlang of as die tyd dit toelaat, kan 'n nuwe taak in graad 12 voltooi word.

#### 4.4.4 Uitgebreide skryf- en brongebaseerde take

Hierdie take sluit bronnewerk en uitgebreide skryfwerk in en moet in die formaat van 'n opstel met subtitels, verwant aan die kriteria, aangebied word. Elke taak sluit 'n algemene sleutelvraag in. Vrae sal direk op bronne gebaseer wees. Daar sal van leerders verwag word om hul eie kennis te gebruik en nuwe kennis, wat vanuit die Religiestudies-klas, verkry is te analiseer en te interpreteer ten einde die sleutelvraag te beantwoord. Onderwerpe moet die inhoud soos dit in die jaarlikse onderrigplan voorkom, dek.

**NB**. 'n Gepaste memorandum of riglyn vir die nasien van elk van die bogenoemde take moet gebruik word om die leerder se prestasie in 'n gegewe taak te assesseer. Die aard van die taak en die kennis, vaardighede en waardes wat geassesseer word, sal 'n riglyn verskaf vir die tipe nasienmemorandum. Die nasienmemorandum of riglyn moet voorsiening maak vir die leerder se eie interpretasie van die vrae.

### 4.5 Rekordhouding en rapportering

Rekordhouding is 'n proses waartydens die onderwyser die vlak van 'n leerder se prestasie in 'n spesifieke assesseringstaal dokumenteer. Dit dui aan hoe 'n leerder vorder in die bereiking van die kennis soos voorgeskryf in die Kurrikulum en assesseringsbeleidverklarings. Rekords van leerderprestasie behoort bewys te lewer van die leerder se konseptuele groei in 'n graad en sy/haar gereedheid om na die volgende graad te vorder of bevorder te word. Rekords van leerderprestasies behoort ook gebruik te word om te verifieer watter vordering onderwysers en leerders in die leerproses en in die onderrig onderskeidelik maak.

Rapportering is 'n proses waarvolgens leerderprestasie aan leerders, ouers, skole en ander rolspelers gekommunikeer word. Daar kan op verskeie maniere oor leerderprestasie verslag gelewer word. Dit sluit in rapporte (verslagkaarte), ouervergaderings, skoolbesoekdae, ouer-onderwyser-konferensies, telefoonoproepe, briewe, klas- of skoolnuusbriewe, ens. Onderwysers in alle grade lewer in persentasies verslag oor die vak.

Wanneer 'n leerder se vordering in Religiestudies gedokumenteer word, is die volgende punte per kwartaal van toepassing:

**Graad 10 en 11**

| Kwartaal | Assesseringstaak | Punte per kwartaal | | Jaar % |
|---|---|---|---|---|
| | | Rekordhouding | Rapportering | |
| 1 | Oopboek-uitgebreide skryfwerk | 100 | | 800/8 = 100 (SGA) |
| | Toets | 100 | | |
| | | **200/2** | **100** | |
| 2 | Brongebaseerde taak | 100 | | |
| | Halfjaarlikse eksamen | 300 | | |
| | | **400/4** | **100** | |
| 3 | Projek | 100 | | |
| | Toets | 100 | | |
| | | **200/2** | **100** | |
| 4 | Eksterne eksamen | 300 | | 75 % |
| | Skoolgebaseerde Assessering (SGA) | 100 | | 25 % |
| | **Totaal vir einde van die jaar** | **400** | | **100 %** |

Die Skoolgebaseerde Assesseringspunt word uitgewerk deur die punte van take 1 tot 6 op te tel uit 'n totaal van 800 wat deur 8 verdeel word om 'n punt uit 100 te verkry.

**Graad 12**

| Kwartaal | Assesseringstaak | Punte per kwartaal | | Jaar % |
|---|---|---|---|---|
| | | Rekordhouding | Rapportering | |
| 1 | Brongebaseerde taak | 100 | | 1100/11 = 100 (SGA) |
| | Toets | 100 | | |
| | | **200/2** | **100** | |
| 2 | Oopboek-uitgebreide skryfwerk | 100 | | |
| | Halfjaarlikse eksamen | 300 | | |
| | | **400/4** | **100** | |
| 3 | Toets | 100 | | |
| | Projek | 100 | | |
| | Voorbereidende eksamen | 300 | | |
| | | **500/5** | **100** | |
| 4 | Eksterne eksamen | 300 | | 75 % |
| | Skoolgebaseerde Assessering (SGA) | 100 | | 25 % |
| | **Totaal vir einde van die jaar** | **400** | | **100 %** |

Die Skoolgebaseerde Assesseringspunt word bereken deur die punte van take 1 tot 7 op te tel uit 'n totaal van 1100 wat deur 11 verdeel word om 'n punt uit 100 te verkry.

Die prestasievlakke met die ooreenstemmende persentasies word in onderstaande tabel aangedui.

**Kodes en persentasies vir rekordhouding en rapportering:**

| Prestasiekode | Beskrywing van vaardigheid | Persentasie |
|---|---|---|
| 7 | Uitmuntende prestasie | 80 - 100 |
| 6 | Verdienstelike prestasie | 70 - 79 |
| 5 | Beduidende prestasie | 60 - 69 |
| 4 | Voldoende prestasie | 50 - 59 |
| 3 | Matige prestasie | 40 - 49 |
| 2 | Basiese prestasie | 30 - 39 |
| 1 | Ontoereikende prestasie | 0 - 29 |

Onderwysers sal werklike punte teenoor die taak aandui deur 'n rekordblad/verslagblad te gebruik en die persentasie vir die vak op die leerder se rapport/verslagkaart aantoon

## 4.6 Moderering van assessering

Moderering verwys na die proses wat verseker dat die assesseringstake regverdig, geldig en betroubaar is. Moderering behoort op skool-, distriks-, provinsiale en nasionale vlakke plaas te vind. Deeglike en gepaste modereringspraktyke moet ingestel word vir die gehalteversekering van alle vakke.

Graad 10 en 11 word intern gemodereer deur die departementshoof of vakhoof by 'n skool. Die vakadviseur moet 'n steekproef van die take gedurende sy/haar skoolbesoeke modereer om die standaard van die interne moderering te verifieer. Graad 12 take moet op provinsiale vlak gemodereer word . Die proses moet deur die provinsiale onderwysdepartement bestuur word.

## 4.7 Algemeen

Hierdie dokument moet in samehang met die volgende saamgelees word:

**4.7.1** Die *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes vir die Nasionale Kurrikulumbeleid Graad R-12; en*

**4.7.2** Die beleidsdokument, *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*